basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# JAARLIKSE NASIONALE ASSESSERING

# GRAAD 4

# AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL

# 2012 MODELVRAE TOETS

Lees die onderstaande leesstuk en beantwoord die volgende vrae.

Phumla is tien jaar oud. Sy het Vigs. Sy het Vigs gekry deur haar ma se bloed wat voor geboorte na haar oorgedra is. Haar vriende het nie geweet dat sy VIGS het nie. Toe sy begin skoolgaan het hulle dit uitgevind. Sy het baie vriende gehad met wie sy gespeel het. Nadat haar vriende uitgevind het dat sy Vigs het, wou hulle nie meer met haar speel nie. Hulle was bang omdat hulle gedink het dat sy hulle sou aansteek. Phumla wou nie meer skooltoe gaan nie omdat sy gedink het dat sy nie goed genoeg is nie.

Eendag het 'n verpleegster die skool kom besoek. Sy het gesê: "Kinders, julle moenie bang wees om met Phumla te speel nie. Julle sal nie siek raak as julle met haar speel nie. Sy is net soos julle. Sy behoort ook te speel en gelukkig te wees. Sy het net soos julle, ook liefde nodig. As julle haar maats is en met haar speel, sal julle haar help om gesond en gelukkig te wees".

Daarna was die kinders nie meer bang nie. Hulle het met Phumla gespeel en almal was weer gelukkig.

1. Omkring die letter voor die korrekte antwoord.
Wat is die beste titel vir hierdie storie?
Phumla is ...

A sterk.
B honger.
C siek.
D lui. (1)

2.1 Phumla is siek omdat sy ... het.

A verkoue
B vigs
C pyn
D koors (1)

2.2 Hoe het Phumla gevoel toe haar maats nie met haar wou speel nie?

A sleg
B bly
C gelukkig
D bang (1)

3. Phumla het vigs gekry deur ...

A met haar maats te speel.
B met die verpleegster te praat.
C skool toe te gaan.
D haar ma se bloed. (1)

4. **Nadat Phumla se maats uitgevind het dat sy Vigs het, wou hulle nie meer met haar speel nie.**

Maak 'n regmerkie in die blok met die regte antwoord.

| JA | NEE |
| --- | --- |
| | |

Gee 'n rede vir jou antwoord.

______________________________________________________

______________________________________________________

______________________________________________________ (2)

5. Lees die onderstaande paragraafEN BEANTWOORD DIE VRAE WAT VOLG.

> Daar is vier seisoene in 'n jaar. Lente is die seisoen waartydens plante groei. Die dae is warmer. Die tuin lyk mooi met die pragtige blomme. Baie diere en voëls kry kleintjies gedurende hierdie tyd.

5.1 Voltooi die paragraaf deur die ontbrekende woorde in te vul.

Daar is vier (5.1.1) ____________________ in 'n jaar.

Die (5.1.2) ____________________ lyk mooi met die pragtige blomme. (2)

6. Hier is 'n rooster vir 'n reis na die see.

| **Dag 1 Saterdag 14 Julie 2012** | | **Dag 2 Sondag 15 Julie 2012** | |
|---|---|---|---|
| 10:00 | Vetrek vanaf skool | 7:00 | Staan op en trek aan |
| 12:00 | Aankoms by kamp | 8:00 - 9:00 | Ontbyt |
| 12:00 - 13:00 | Aflaai en voorbereidings | 9:00 - 12:00 | Lesse oor waterveiligheid |
| 13:00 – 13:30 | Ligte maaltyd | 12:00 - 13:00 | Middagete |
| 13:30 - 14:00 | Lesse oor waterveiligheid | 13:00 -15:00 | Swem |
| 14:00 - 16:00 | Swem | 15:00 -16:30 | Speletjies |
| 16:00 – 18:00 | Lees | 16:00 | Koeldrank |
| 18:00 – 19:00 | Aandete | 16:30 -19:00 | Terugreis |
| 19:00 – 20:00 | Musiek en Dans | | |
| 20:00 - 20:30 | Maak gereed vir bed | | |
| 21:00 | Slaap | | |

Omkring die letter met die korrekte antwoord.

Wat sal die leerders op Saterdag tussen 18:00 en 19:00 doen?

A speletjies speel
B aandete eet
C na musiek luister
D 'n ligte maaltyd geniet (1)

7. Watter aktiwiteit sal die leerders op Saterdag en Sondag doen?

A dans
B lees
C swem
D aflaai (1)

8. Beantwoord die volgende vrae.

8.1 Die volgende sin is in die teenwoordige tyd geskryf**.**

Bongi bak 'n koek.

Skryf die sin oor in die verlede tyd deur met die woord, Gister te begin.

*Gister* ________________________________________ (1)

8.2 Die volgende sin is in die teenwoordige tyd geskryf.

Phumla speel met haar maats.

Skryf die sin oor in die toekomende tyd deur met die woord, Môre te begin. (1)

Môre ________________________________________

9.1 Gee die meervoud van**:**

kind ________

9.2 Onderstreep die meervoud in die gegewe sin.

Pa het drie (brode/brood) gekoop. (1)

10. Verbind die twee sinne deur "en" te gebruik.

Phumla het baie vriende gehad. Sy was 'n gelukkige meisie.

________________________________________

________________________________________ (1)

11. **Omkring die letter voor die korrekte antwoord.**

Die teenoorgestelde van hartseer is ... (1)

A sleg

B goed

C kwaad (1)

D gelukkig

12. 'n Beste maat is iemand met wie jy die meeste van jou tyd deurbring. Skryf 'n storie oor jou beste maat. Jy mag jou maat beskryf. Vertel ons meer van sy/haar gunsteling kos/kleur/dier/skoolvak en die dinge wat julle saam doen.

________________________________________________________________________ (4)

**TOTAAL: 20**